*J.H. van Wyk*

# CHRISTELIK-NASIONAAL? OP SOEK NA 'N OMVATTENDER EN INDRINGENDER KONSEPSIE

## 1. Die konsep

### *1.1 Wat word bedoel met Christelik-nasionaal?*

Die konsep van Christelik-nasionaal (CN) wortel in die dubbele oortuiging dat 'n nasie *erken* moet word maar terselfdertyd *gekersten* moet word.

Dit gaan uit van die gedagte dat 'n nasie nie 'n irrelevante en terloopse gegewenheid is nie maar deur God vir 'n bepaalde tyd en situasie gewil is en met 'n bepaalde roeping of opdrag beklee is.

Dit gaan uit van die *erkenning* van 'n *nasie.*

Maar terselfdertyd gaan dit ook uit van die gedagte van die *kerstening* van 'n nasie... 'n Nasie is naamlik nie 'n sondelose, smettelose en reine groep mense nie, maar soos elke individuele mens deur en deur sondig. Alles wat 'n nasie en sy leiers dink en sê en doen, is nie outomaties waar en reg nie. Die sonde het diep ingevreet in die persoonlike en burgerlike lewe van elke mens, en daarom is elke nasie outomaties vol skuld en sonde voor God. 'n Nasionale skuldgevoel – wat iets anders is as 'n nasionale skuldkompleks – is dus 'n doodnatuurlike saak vir die gelowige burger.

Die CN-gedagte neem die koms van Jesus Christus baie ernstig, en dan wel in sy wêreldwye dimensies. Dit weier om nasie en Christus in 'n dualisme uit mekaar te hou, maar soek naarstig na 'n sinvolle en Bybelse verbinding van Christus met die nasie. Die swaartepunt lê by *Christus*, nie by die *nasie* nie. (Oor die onderskeid tussen volk en nasie gaan ons nie nou hier twis nie.) Christus se koms het radikale betekenis vir die hele wêreld en vir alle lewensterreine, ook vir die nasie. Die nasionale lewe, met al sy fasette, en veral die hoofmomente daarvan, naamlik die politiek, ekonomie en onderwys, moet met die evangelie van Jesus Christus gekersten word.

Christus infiltreer die hele samelewing.

Die nasie moet gekersten word, moet vir die saak van God gewen word.

Dit gebeur voor alles deur soveel moontlik bekeerlinge in 'n nasie te „maak". Nuwe mense sal 'n nuwe uitkyk op die lewe openbaar en dus nuwe lewenspatrone ontwikkel.

Maar dit gebeur ook deur vanuit Christus beslag te lê op alle fasette van

die samelewing. Geen duimbreedte van die lewe mag onttrek word aan Sy seggenskap nie (Kuyper).

*1.2 Wat word nié bedoel nie?*

Ons het reeds daarop gewys dat die aksent op *Christus* val, en nie op die *nasie* nie. Vandaar dat daar telkens gewys word op die groot gevaar om die aksent te verlê en byvoorbeeld by 'n genasionaliseerde Christendom uit te kom (W.J. Snyman). Nie die *nasie* nie, maar *Christus* staan voorop. Christus en die Christelike lewenspatroon moet in elke nasie sigbaar word, en die nasie mag nie die Christelike boodskap ombuig en diensbaar maak aan sy wense en strewes nie.

'n Tipiese voorbeeld hiervan vind ons byvoorbeeld by 'n briefskrywer in een van ons dagblaaie as hy skryf: „Die Christelike kerk is versprei oor die hele wêreld maar hy dien in elke land daardie besondere volk in al die fasette van die volkslewe – so behoort dit altans te wees. 'n Kerk wat dus nie na 'n volk se politieke belange omsien nie, is nie in staat om daardie volk geestelik te lei nie".

In hierdie konteks word daar van die kerk gepraat as „een van die grootste instellings van die Afrikanervolk" en word die kerk verander tot 'n dienares van die volk of nasie.

'n Mens kan natuurlik argumenteer dat begrippe soos „Afrikaner-Christen" en „Christen-Afrikaner" wel reg gebruik kan word.

Daar is tewens verskillende soorte Christene – Afrikaanse, Amerikaanse, Europese –, maar die verskille, of liewer: onderskeidinge, is nie van deurslaggewende aard nie. Bepalend is die eenheid – Christene!

So is daar verskillende Afrikaners: Christelike, onchristelike en selfs antichristelike. Hulle vorm – uiterlik geoordeel – almal deel van die Afrikanernasie.

Deurslaggewend is egter nie my Christen-*Afrikanerskap* nie maar my Afrikaner-*Christenskap*. Nie my verbondenheid aan 'n bepaalde nasie nie, maar my verbondenheid aan Christus is uiteindelik die belangrikste. Ek staan dus nader aan 'n Zoeloe-Christen as 'n heiden-Afrikaner. Geloofseenheid is fundamenteler as volkseenheid.

In hierdie verband kan dan gevra word of die begrip CN wel die korrekte woordorde het en of die woordorde nie maklik aanleiding tot misverstand kan gee nie, sodanig selfs dat daar van die „Christelike" niks of weinig oorbly, en dat net die „nasionaal" ongeskonde gehandhaaf word. Dit is tog onsinnig om te praat van Christelik-gereformeerd, asof daar verskillende soorte Gereformeerdes kan bestaan: Christelikes of ook nie-Christelikes. Maar wat

wél bestaan, is die uitdrukking Gereformeerd-Christelik: daar is verskillende soorte Christene: Rooms-katolieke Christene, Anglikaanse Christene, Grieks-Ortodokse Christene en ook Gereformeerde Christene. Die aksent van die woordverbinding val dus op die lááste woord. Reg besien, sou dus gepraat kon word van „nasionaal-Christelik", dit wil sê my Christenskap word getint – nie gedomineer nie! – deur my nasionaliteit: Christen uit Afrika!

Ons moenie die begrippe „Christelik" en „nasionaal" teen mekaar uitspeel nie, want die bedoeling is juis om dit sinvol te verbind. Maar al gaan dit om 'n „sinvolle verbinding", kan dit tog gebeur dat daar konfliksituasies ontstaan waarby 'n *keuse* gemaak moet word, en dan moet onvoorwaardelik vir *Christus* gekies word.

## 2. Die tekort

Dit alles in ag genome, beteken nie dat daar telkens weer van buite (*Pro Veritate)* en van binne (*Loog)* kritiese vrae gestel is oor die verbinding van die twee woorde „Christelike" en „nasionaal" nie. Ek het ál die kritiek nie nou weer onlangs nagelees nie, maar moes self opnuut oor die saak besin met die oog op 'n voordrag voor 'n jeuggroep. Dit het toe vir my duidelik geword dat die begrip CN mank gaan aan 'n hele aantal tekorte, en dat dit hersiening verdien.

Ek deel die kritiekpunte in twee dele in: teologiese en politieke.

### *2.1 Teologiese tekort*

Die opvallende is dat in die begrip CN die trinitariese gedagte nie voltui funksioneer nie. Alles word vanuit Christomonistiese wyse – soos Karl Barth – vanuit *Christus* besien. God die Vader en die Gees kom nie uitdruklik ter sprake nie.

Nou kan ons wel redeneer dat ons in Christus met die volle openbaring van God te doen het (1 Tim. 3:16) en dat, wie Christus gesien het, ook die Vader (aan die werk) gesien het (Joh. 14:9), maar feit is ook dat Christus Self van ons Hom wegwys na God die Vader as eindpunt (1 Joh. 12:44, 14:6) en dat die Skrif dit ook op talle ander plekke doen (byvoorbeeld 1 Petr. 1:21).

God die Vader en die Gees neem 'n te versteekte plek in in die CN-gedagte, en daarom is dit eensydig Christomonisties getoonset. Het talle studies nie juis in die jongste tyd gewys op die ontsaglike betekenis van die werk van die Gees van God in die wêreld nie?

'n Trinitariese of teokratiese formulering sou ons dus hier meer gehelp

het.

Soos Van Ruler op 'n plek sê: Ek word nie mens om Christen te word nie, maar ek word Christen om waarlik mens te wees. 'n Christen is nie sektaries of isolasionisties nie.

'n Tweede teologiese probleempunt hier is nie net dat die triniteitsgedagte skeefgetrek word nie, maar ook dat die Christologie self skeefgetrek word. Jesus word hier eensydig benader as *Christus* (Messias), maar wat van die *Here*-gedagte, die *kurios*motief? In die Nuwe Testament word die Naam „Christus" gewoonlik met Jesus verbind („Jesus is die Christus") in 'n *Joodse* samelewing (Matt. 16:16), terwyl die naam „Here" met Jesus verbind word („Jesus is die Here") in 'n *heidense* samelewing (1 Kor. 12:3).

By die Christusmotief staan die *bevrydings*gedagte voorop, terwyl by die Here-motief die *heerskappy*gedagte beklemtoon word, dat Hy oor alles en almal *seggenskap* het.

Die oomblik wanneer ons dus praat van die totale *heerskappy* van *Christus* het ons gedagte en begrippe verwissel.

Al wat ek wil sê, is dat dit eensydig is, en vir misverstand vatbaar, indien ons een van die name van Jesus (Christus, Here, Seun van God, Seun van die mens) uitlig en as die eintlike naam gebruik, in hierdie geval dan die naam „Christus".

Ook hierom moet ons vra of daar nie 'n omvattender konsepsie moontlik is nie.

### *2.2 Politieke tekort*

(Die woord „politiek" word hier in sy breë betekenis verstaan as 'n verantwoorde ordening van die samelewing.)

Die probleem met die CN-gedagte in hierdie verband is die *etnosentristiese* (of nasionalistiese) benadering van die samelewing as gevolg waarvan onvermydelik sekere konfliksituasies en valse dilemmas opgeroep word.

In die begrip CN ontvang die „nasionaal" 'n te swaar aksent, nou nie ten koste van „Christelik" nie, maar ten koste van enersyds die *individu* en andersyds die *kosmopolis*.

As nasionalisme verantwoordbaar is, waarom dan nie ook individualisme en kosmopolitisme (mondialisme) nie? Skerper: waarom moet hierdie dinge voortdurend téén mekaar uitgespeel word en waarom kan dit nie sinvol gesinchroniseer word nie?

Ek is per slot van rekening ook 'n individuele mens. Dit maak van my 'n „individualis" (wat nie verstaan moet word in die betekenis van die Liberalisme nie).

Ek is verder 'n burger van 'n bepaalde land en nasie. Dit maak van my 'n „nasionalis".

My nasie weer vorm deel van 'n groep nasies op 'n kontinent, byvoorbeeld Afrika. Dit maak my 'n „kontinentalis".

Ons kontinent en nasie vorm – teen wil en dank – deel van die ganse kosmos, en dit maak my 'n „kosmopolitikus" of „mondialis".

Waarom moet die een belangriker wees as die ander? Waarom nie ook hier die eenheid in die verskeidenheid en die verskeidenheid in die eenheid nie? Waarom dan net Christelik-*nasionaal?* Waarom nie ook Christelik-*individueel* en Christelik-*mondiaal* nie? Die Here Jesus Christus lê tog nie net op my *nasie* beslag nie, maar ook op myself, my kontinent en die totale wêreld.

CN moet dus aangevul word met die Christelik-individuele en Christelik-mondiale perspektiewe. „mondialisme" is tewens glad nie 'n onbybelse gedagte nie. As ons skrik vir die „mondialisme van Babel", hoef ons nie ook te skrik vir die „mondialisme van die Nuwe Jerusalem" nie – inteendeel!

'n Tweede leemte is dat die CN-gedagte by ons hoofsaaklik uitgewerk is in die rigting van Christelik-nasionale *onderwys* (CNO). Hiervoor was daar natuurlik goeie grond, naamlik die verbondsgedagte, maar dat die CN-gedagte nie ook sterk en konkreet deurgewerk het op die gebiede van byvoorbeeld die *partypolitiek* en die *ekonomie* nie, moet as 'n baie groot leemte aangemerk word. Onse Here Jesus Christus het tog nie net seggenskap in die onderwys nie, maar ook in die politiek en ekonomie moet Sy woorde, dade en voorbeelde deurslaggewend wees. Ons het juis nou in Suid-Afrika en in die wêreld 'n groot behoefte aan 'n kritiese deurligting van die politieke en ekonomiese stelsels. Hoe moet politiek daar uitsien wat 'n suiwere vertolking is van die wil van God soos geopenbaar in Jesus Christus? Is 'n ekonomiese stelsel soos kapitalisme Bybels verantwoord?

Die CN-gedagte is in Suid-Afrika eensydig toegepas net ɔp die onderwys, en daarmee is onder meer die politieke en ekonomiese gebiede neutraal gelaat.

**3. Nuwe voorstel**

Die term CN is bruikbaar binne 'n bepaalde konteks maar dit bevat helaas te veel mankemente om as omvattende konsepsie gebruik te word. Ons het 'n duideliker en omvattender konsepsie nodig, en ons het dit in die Bybelse begrip *Koninkryk van God.* Jongste studies het tewens aangetoon hoedat die idee van die Koninkryk van God, die heerskappy van God deur Christus oor die hele wêreld, die afwikkeling van die wêreldgeskiedenis op weg na die

nuwe aarde, 'n sentrale tema is in die Bybelse boodskap (kyk Matt. 6:33).

Hierdie konsepsie vrywaar ons teen nagenoeg alle eensydighede, misverstande en valse dilemmas. Dit ondervang nagenoeg alle bovermelde tekorte.

Byvoorbeeld: Hoe moet die *onderwys* wees? Antwoord: Koninkryksonderwys, dit wil sê diensbaar aan die Koninkryk van God en sy koms. Natuurlik moet dit dan ook Christelik wees, omdat Jesus Christus die hart van die Koninkryk is, en die Koninkryk juis met Hom, en die Heilige Gees, gekom het. Maar dan is dit nie bloot Christelik en daarmee uit en gedaan nie. Die onderwys moet Christelik wees om sodoende diensbaar te wees aan die Koninkryk van God, aan God se vernuwingswerk op aarde (Openb. 21:6).

Hoe moet die *politiek* wees? Koninkrykspolitiek, dit wil sê diensbaar aan die Koninkryk van God en sy geregtigheid. Koninkrykspolitiek sal ten minste drie Bybelse motiewe as fondamentstene vir 'n goeie staatshuishouding neem: vryheid, geregtigheid, verantwoordelikheid. Dit sal 'n afsku hê aan alle imperialisme en totalitarisme.

Hoe moet die *ekonomie* wees? Koninkryksekonomie, dit wil sê 'n ekonomie wat in diens staan van die Godsheerskappy, waar alle vorme van subtiele en openlike uitbuitery en diefstal by die wortel afgesny is. 'n Belangrike woord is hier die woord „gelykheid", maar dan Bybels gevul (II Kor. 8:14). 'n Koninkryksekonomie sal moontlik nòg kapitalisties nòg sosialisties wees, maar meer 'n sosio-kapitale sisteem, dit wil sê 'n sinvolle mengeling van sosiale en individuele, geregtigheids- en vryheidsmotiewe.

Wat ons vandag in Suid-Afrika nodig het, ook as antwoord op die kommunistiese aanslag, is 'n omvattende perspektief: Die wêreld, met alles wat daarop is, behoort aan die Here God. Ons moet daardie terreine waar God nog nie erken word nie, in Sy Naam en krag vir Sy saak verower. Alles en almal moet diensbaar word aan Hom en aan Sy Koninkryk. God gebruik ons in alle fasette van die lewe om Sy Koninkryk te dien en hierdie wêreld te vernuwe!

**